WELPIENUUS

Leeuwenhof Akademie

Nuusbrief 1 20 Januarie 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen
083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Welkom
Belangrike inligiting
Bl. 2 Belangrike inligting
Sonskerm
Bl. 3 Belangrike datums
SNOEPIE
Hekskyfies en plak-kers
Bl. 4 Vreugde
Personeelinligting

Baie welkom!:

Liewe Ouers,

Dit is heerlik om u welkom te heet by ons skool in 2017! Mag hierdie jaar vir elkeen groot vreugde en seën inhou! Ons bede is dat elke kleuter in ons skool dolgelukkig sal wees en lekker sal leer, terwyl hul uitbundig speel!

Ons het pragtige kinders en ouers—ons sien uit daarna om die jaar met u te deel!

Mag u u verbintenis met Leeuwenhof Akademie se Voorskool as besonders ervaar en mag u sommer gou deel voel van die Leeuwenhoffamilie! Baie welkom terug aan al ons ouers wat reeds deel is van die familie!

Belangrike inligting:

E-pos:

Maak asseblief seker dat ons u korrekte adresse het. U sal elke week 'n brief van ons af ontvang. Laat weet asb. dringend, indien dit nie die geval is nie.

Buitemuurse aktiwiteite:

Verskeie **opsionele** buitemuurse aktiwiteite is beskikbaar by die skool. Verskaffers van hierdie dienste bied demonstrasielessies vir die kleuters aan. Ons kinders raak baie opgewonde oor elke aktiwiteit, maar ons kan u verseker dat die entoesiasme na die einde van die jaar toe afneem. Kies dus versigtig waaraan u kleuter gaan deelneem, aangesien daar heelwat aktiwiteite beskikbaar is. Ons beveel aan dat kleuters nie aan meer as twee aktiwiteite sal deelneem nie. Die vormpies vir die aktiwiteite sal in die briewesakkies geplaas word, u kan dan dié waarin u belangstel, na die skool toe terug stuur. Vra gerus, indien u enige inligting benodig! 'n Volledige lys van aktiwiteite sal voorsien word. Die aktiwiteite sal van Februarie af aangebied word.

Sonskerm!:

Dit is raadsaam dat ons kleuters hoedjies dra op die warm dae wat ons tans ervaar. Merk dit asb. net baie duidelik.

Sonskerm moet asb. daagliks aangewend word, voordat ons kleuters skool toe kom, vir hul beskerming.

Belangrike inligting:

KLERE: Ons versoek dat u **asseblief u kleuters se klere merk,** sodat ons dit aan hul kan uitdeel.

KASKARDAG 18 Februarie: Die kaskardag is die Voorskool se groot Fondsinsamelingsgeleentheid! Ons sal u so gou moontlik meer daaroor inlig!

NASKOOL: Ons het 'n naskooldiens op **Maandae tot Donderdae** van **16:00 tot 17:45** en op **Vrydae van 14:15** af beskikbaar en u kan juf. Jeannine hieroor skakel. (083 779-1864)

PERSONEELOPROEPE: Ons ontvang oproepe van **07:00 tot 08:00** en **13:30 tot 18:00**. Ons ontvang nie oproepe gedurende klastye nie, maar laat gerus 'n boodskap, waarop ons sal reageer. In geval van nood kan u die skool kontak: **011 622-1806 opsie 3, of Juf. Wilna 083 454-2843.**

OUERAAND 24 Januarie om 18:30 in die Laerskoolsaal:

Ons beplan om ons eerste oueraand by ons skool in die laerskoolsaal aan te bied. Ná die algemene inligtingsessie, kan u na die Voorskool en u kleuter se klassie verdaag, om daar meer inligting oor die klassie se doen en late te verneem. Dit beloof om 'n aangename geleentheid te wees, waar u die juffrou kan ontmoet of beter leer ken. Dit is vir ons 'n baie belangrike geleentheid, waar u soveel moontlik inligting met u deel.

UITTEKENREGISTER:

Ons versoek vriendelik dat u asb. die register, wat by die glasdeur in ons speelkamer is, getrou sal teken, wanneer u u kindjie kom haal. Kinders mag asseblief nie die register "teken" nie. Stel asb. die juffrou of die kantoor in kennis, indien iemand anders as u, die kleuter gaan kom haal.

SKOOLTYE:

Vir die eerste een en 'n halwe weke, tot **27 Januarie**, word die kleuters in die oggend in hul klassies ontvang. Daarna, **van 30 Januarie** af, sal hul **in die speelkamer** ontvang word, waar die boonste klassies se tassies ook gebêre kan word. Daar is elke oggend 'n **personeellid om 07:00 aan diens.** Indien kleutertjies onseker voel, gee hul asb. persoonlik aan die juffrou aan diens, of hul eie juffrou af. Omdat ons busse het wat kinders na die skool bring, is een van ons juffrouens op busdiens en sal dan nie self haar kleuters kan ontvang nie.

Die ander personeel sal dit egter met graagte doen!

Ons dagprogram in die klassies eindig om 13:30.

Van 14:00—16:00 is tannie Sanet, asook die juffrou wat op busdiens is en Dina op hul pos om die middagprogram aan te bied.

Belangrike datums:

24 Januarie 2017:
Oueraand, Laerskoolsaal, 18:30

Tot 30 Januarie 2017:
Demonstrasielesse vir buitemuurs

3 Februarie:
Waterfees

10 Februarie:
Poppedag—enige poppe of mannetjies

13 Februarie:
Broeikas by die skool—eiers broei uit!

18 Februarie:
KASKARDAG!!!!

Snoepiebestellings:

Indien u kossies of dalk op 'n Vrydag 'n lekkernytjie vir die kleuters wil bestel, kan u dit direk by Angie doen, per e-pos:

Bestellings kan geplaas word by

angie@drehmo.co.za

Bestelling MOET asb. **voor** Vrydag geplaas en betaal word.

Bankbesonderhede is:

Mufasa's Den,

Nedbank, 1087 629 527, 198765,

Verwysing.: Kind se naam en graad

Hekskyfies en plakkers:

Hekskyfies is by Juf. Wilna in die kantoor beskikbaar, teen R100 elk. Daarmee kan u toegang tot die skool verkry.

Vul asb. die vorms in om **plakkers** vir u motors te bekom—ook by Juf. Wilna beskikbaar.

Dit is belangrik dat ons en ons kinders elke dag sal geniet. Ons moenie die vreugde in die eenvoudige dingetjies mis nie. God is in elke oomblik van die alledaagse teenwoordig. Die wonder van elke dag lê in die gewonde dinge rondom ons. Ons moet ook daarteen waak om mense te onderskat. Sonder om te weet, is ons dalk in die teenwoordigheid van engele! (Woorde verwerk uit 'n aanhaling van Sheila Cussons)

Vreugde:

Mag ons vreugde hierdie jaar die skerpste pyn versag en ons bewaar van stres.

Mag ons elke dag ons vreugde met mekaar en veral ons kinders, deel!

Vriendelike groete!

Wilna van Rooyen

Personeelindeling:

Graad	Klassie	Personeellid	Selfoonnommer
000	Hasies	Zuanéll Potgieter	072 157-4242
00	Dinosourus	Amanda Breedt	082 654-4000
00	Gansie	Jeannine Lamprecht	083 779-1864
00	Pikkewyne	Leretha Kruger	082 815-6132
0	Skapie	Karin Els	082 924-4519
0	Beertjie	Margreet Hansen	072 148-1107
0	Kewer	Hanlie Kriel	084 504-6920
Hoof	Skool	Wilna van Rooyen	083 454-2843
	Kantoor		011 622-1806